Ontmoeting 15 DIE GELYKENIS VAN DIE SAAIER

Die kinders verstaan dat hulle harte oop moet wees om God se Woord te hoor en ook te doen wat dit van hulle vra.

Teks: Markus 4:1-20

Hulpmiddels:
- 4 Vlak bakke met 4 verskillende soorte grond (of een bak met afskortings):
  1. Grond wat vasgestamp is soos vir ‘n pad (opsioneel: kleivoëltjies)
  2. Grond met groterige klippe tussen-in
  3. Grond met bossies en onkruid wat oral ingedruk is
  4. Goeie grond
- 4 Hart-prente
- ‘n Houertjie met sade
- Eierboksies
- Koerantpapier
- Papier om “ore” te maak
- Tandestokkies
- Kopieë van die inkleurprent

WELKOM

“Die saaier sê”: Speel ‘n variasie van “Simon says”: As die leier sê: “Die saaier sê doen dit”, moet almal daardie beweging doen. As hy sê “Doen dit” sonder om eers te sê “Die saaier sê”, moet hulle nie die beweging uitvoer nie. As hulle dit wel doen is hulle “uit” Bv. “Die Saaier sê… sit jou hande op jou kop / raak aan jou hakke”, ens.)

Groei speletjie: Hierdie speletjie is ‘n variasie op **“Rock, paper, scissors”.** Die kinders groei vanaf grond na ‘n saadjie, dan na ‘n jong plantjie en dan na die volgroeide plant. Laat die kinders twee-twee saam speel en na elke rondte moet hulle saam met iemand anders speel. Met die eerste rondte begin jy as grond. As jy dan wen, vorder jy na vlak 2 en word ‘n saadjie. As jy verloor, bly jy grond. Wanneer jy dan weer wen (as jy ‘n saadjie is), vorder jy na die volgende vlak en word ‘n jong plantjie. Die finale vlak is om ‘n volgroeide plantjie te word. As jy tot by vlak 4 (‘n volgroeide plantjie) gevorder het, is jy klaar. Sodra almal op vlak 4 is, is die speletjie klaar.

WYDING

Temalied: Kies een van die volgende liedere as temalied vir die kwartaal:
“Why don’t you dig a little deeper” – Soekie en die Radikids (https://youtu.be/INzI5duQc84)
“The kingdom of God” (https://youtu.be/nutJd9yJY d0)
Lied 471: “Soek allereers die koninkryk van God”

Stilword-gebed:
Groepleier: Vir ons familie en vriende dank ons U, Heer.
Groep: Dankie Heer.
Groepleier: Vir nog ‘n nuwe dag dank ons U, Heer.
Groep: Dankie Heer.
Groepleier: Dat ons kan leer en droom dank ons U, Heer.
Groep: Dankie Heer.
Almal: Dankie Heer.

WOORD

Vandag wil ek vir julle een van die stories vertel wat Jesus vertel het toe Hy op die aarde was. Ons noem Jesus se stories gelykenisse en Hy het dit vertel sodat ons iets daaruit kan leer.
Jesus het vertel dat daar eendag ‘n saaier of boer was wat gegaan het om saad te saai sodat daar plantjies kon opkom. Ons kan sê die saad is soos die Woord van God, die Bybel, wat ons hoor. Saad word op grond gesaai, maar God se Woord word in ons harte gesaai en die pad na ons harte is deur ons oë (wanneer ons die Bybel lees) en deur ons ore (wanneer ons die woorde van die Bybel hoor).
Die saad wat die boer gesaai het, het op verskillende soorte grond geval. Net so word die woorde van die Bybel ook deur verskillende soorte mense gehoor.
Kom ons kyk op watter soorte grond die saad geval het en wat daarmee gebeur het.

1) Party saad het op die harde pad geval. *(Saai saadjies op die harde grond in die eerste bak.)*
Die voëls het gekom en dit sommer gou opgepik. (*Wys ‘n klei-voëltjie wat kom en dit oppik.)*
Wat beteken dit? *(Wys hart-prentjie 1.)* Jesus wou hierdeur verduidelik dat party mense wel die Woord van God hoor, maar as hulle nie versigtig is nie, vat ons vyand, die duiwel, dit weer weg uit hulle harte. Hulle vergeet sommer gou wat hulle gehoor het en dit is nie vir hulle belangrik om te doen wat God van ons vra in die Bybel nie.

2) ‘n Ander deel van die saad het op ‘n klipbank geval waar die grond maar vlak was. (*Strooi saad in die bak met klippe. Wys dat die grond bo-op die klippe maar vlak is.)* Daar het wel plantjies opgekom waar hierdie saad gesaai is, maar dit kon nie regtig wortels vorm in die vlak grond nie. Toe die son warm word, het dit die plantjie verskroei en dit het verdroog, omdat daar nie wortels gevorm het nie.
Wat beteken dit? *(Wys hart-prentjie 2.)* Mense wie se harte soos hierdie soort grond is, is wel bly om God se Woord te hoor. Hulle luister wel, maar as dit dan moeilik voel om te dóén wat God vra, verloor hulle sommer die lus om dit te doen en doen dan eerder wat makliker is. Hulle is nie bereid om anders te doen en sterk te staan as ander in hul groep dinge wil doen wat nie is soos die Bybel ons leer nie.

3) ‘n Ander deel het tussen die onkruid geval. *(Wys die bak met grond met onkruid tussen-in en strooi saadjies daarin.)* Die plantjies het wel opgekom, maar die onkruid het vinniger gegroei en die plantjies verstik (oor dit gegroei) sodat hulle nie verder kon groei nie.
Wat beteken dit? *(Wys hart-prentjie 3.)* Mense wie se harte soos hierdie soort grond is, hoor ook wel God se Woord. Partykeer gebeur dit egter dat hulle harte so vol is van ander dinge, soos hoe baie werk hul wil doen, hoe baie goed hul wil koop, of so baie dinge wat hul bekommerd maak. Hulle wil dalk heeltyd dinge doen wat vir hulself lekker is en hulle goed laat voel. As ‘n mens se hart so te vol is gebeur dit maklik dat jy nie tyd maak om régtig mooi na God se Woord te luister nie. God gee Sy Woord om ons sterk te maak, maar dan moet ons tyd maak om dit te lees en diep daaroor te dink.

4) Die ander saad het in goeie grond geval. *(Wys die bak met goeie grond.)* Hierdie saad het opgekom, mooi sterk gegroei en dit kon ‘n goeie oes lewer.
Wat beteken dit? *(Wys hart-prentjie 4.)* Mense wie se harte soos hierdie soort grond is, luister mooi na God se Woord. Hulle is opgewonde daaroor en wil graag doen wat die Bybel leer – want hulle is lief vir God. God se Woord kán hulle dan sterk maak om ander van Hom te vertel. Omdat hulle so opgewonde is oor God, sien ander mense dit raak en dan wil hulle ook vir God volg. Dit kan gebeur dat baie mense God leer ken deur so ‘n mens se lewe. Soos die plante wat goed groei en waarvan hulle saad weer nuwe plantjies laat groei en ‘n groot oes bring, kan God ‘n mens wat lief is vir Sy Woord, gebruik om ‘n groot oes vir Hom in te bring.

Die kinders kry tyd om oor die verhaal te dink:

1. Ek wonder wat beteken dit as Jesus in vers 9 sê: “Wie ore het om te hoor, moet luister.”
2. Ek wonder of dit die moeite werd was om die saad op al die verskillende soorte grond te saai.
3. Ek wonder watter dinge in jou lewe dalk soos klippe of onkruid kan wees as jy nie versigtig is nie.
4. Ek wonder soos watter soort grond wil jy graag hê moet jou hart wees.
5. Ek wonder hoe kan jy lewe sodat ander mense ook vir Jesus sal wil volg.

WERSKAF

- Die kinders kan saadjies plant wat hulle dan huis toe neem sodat hul kan sien hoe dit groei as hul daarvoor sorg. Dit kan bv. in eierhouertjies geplant word wat weer net so in die grond geplant word. (Sny die eierboksies sodat daar vir elke kind se saadjie 'n "holte" is.)
  Bv. Sit boontjiesade in nat watte.
- Plak saadjies vooraf op koerantstroke met 'n mengsel wat van meel en water gemaak word. Dit kan dan net so in die grond geplant word.
- Maak papier-ore waarop die kinders Mark 4:9 kan skryf: "Wie ore het om te hoor, moet luister." Plak dit dan soos vlaggies op tandestokkies en plant die tekste saam met die saadjies in die houertjies.
- Laat die kinders die prent van die saaier inkleur of versier met grond, takkies, saadjies, ens.

Sluit af met hierdie **seënbede:**
Kinders kan groepies van 2 of 3 maak. Hulle kan dan vir mekaar bid - dat hulle sal tyd maak om mooi te luister na die Woord van God en ook te doen wat dit vir ons leer. Die aanbieder kan daarna afsluit met gebed.



1



2



3



4